Juli - September 2026

NR.236

# DAS NCASA ECHO
# SCHULE LÜNEBURG

VIVAT.CRESCAT.FLOREAT! – ES LEBE, WACHSE UND GEDEIHE!

## INHALTS-ANGABE

Grusswort der Schulleiterin
Mini-Krieket
Krieket
Fietsry
Tennis
Konzert
Klasse 1
Graad 3
Literatuurweek
Basaar
Tag der offenen Tür
Puppet Show
Studentinnen
Duchenne Awareness
Lüneburg Trail Run

## Grusswort der Schulleiterin - Fr. Niebuhr

Ihr lieben Eltern, Großeltern und Freunde der Schule!
Der bekannte Prediger und Autor, Charles Swindoll, hat eines der inspirierendsten und bekanntesten Zitate über die Einstellung zum Leben („Attitude") geschrieben. Seine Kernaussage ist, dass unser Leben zu 10% davon bestimmt wird, was uns widerfährt, und zu 90% davon, wie wir darauf reagieren. Die folgende Andacht ist eine Zusammenfassung dieser Weisheit.

**JOU GESINDHEID IS DIE BELANGRIKSTE KEUSE WAT JY VANDAG GAAN MAAK.**
Die bekende leraar Charles Swindoll het eenkeer geskryf dat die lewe vir slegs 10% bestaan uit dit wat met jou gebeur, en vir 90% uit hoe jy daarop reageer. Ons kan nie ons verlede verander nie, ons kan nie ander mense se optrede beheer nie en ons kan nie die onvermydelike terugslae van die lewe stopneem nie. Maar Swindoll herinner ons aan 'n kragtige waarheid: ons is in volkome beheer van ons eie ingesteldheid.
Wanneer die storms van die lewe woed, is jou gesindheid die stuurwiel wat bepaal of jy gaan sink of mure gaan afbreek. Dit is belangriker as jou opvoeding, jou geld, jou talente of wat ander mense van jou dink. 'n Positiewe, geloofsvervulde gesindheid is nie bloot 'n gevoel nie — dit is 'n daaglikse, doelbewuste besluit om deur God se oë na jou omstandighede te kyk.
Die Bybel anker hierdie idee op verskeie plekke en roep ons op om aktief wag te hou oor ons gedagtes:
· Kies die regte fokus: In Filippense 4:8 gee Paulus vir ons die bloudruk vir 'n gesonde gesindheid: "Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is... daarop moet julle julle gedagtes rig." As jy jou gedagtes vul met God se waarheid, is daar nie plek vir bitterheid oor die 10% wat verkeerd geloop het nie.
· Leef met die Christus-perspektief: Ons word uitgedaag om nie soos die wêreld te dink nie, maar die Here se voorbeeld te volg: "Julle moet dieselfde gesindheid hê wat Christus Jesus gehad het." (Filippense 2:5). Dit is 'n gesindheid van nederigheid, diensbaarheid en onwankelbare vertroue op die Vader.
· Bewaak jou binneste: Jou lewenskwaliteit word nie van buite af bepaal nie, maar van binne: "Wees veral bedag op wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." (Spreuke 4:23).

Kies vandag om nie 'n slagoffer van jou omstandighede te wees nie.
Laat vaar die dinge waaraan jy niks kan verander nie, en gryp jou "90%-reaksie" met geloof en krag aan. Dit is jou gesindheid, nie jou omstandighede nie, wat jou argitek van môre maak.
Mag elkeen van ons daagliks opnuut, hierdie wysheid uitleef en aan ander oordra.
Amen.



# Mini-Krieket

## Mev. Wortmann







Die mini-krieketseisoen by Lüneburg Skool was 'n opwindende en leersame ervaring vir al die seuns en meisies van Graad 1 tot 3. Die seisoen het afgeskop met 'n toernooi in Piet Retief vir die Graad 1- en 2-leerders. Alhoewel dit aanvanklik maar broekskeur gegaan het, het die kinders baie geleer en talle nuwe vaardighede aangeleer!

Ons het getrou verder geoefen, en toe al drie spanne aan die toernooi in Lucas Meyer deelgeneem het, was die verbetering duidelik te sien. Die kinders het baie beter gevaar en dit terdeë geniet!

Ongelukkig moes ons laaste toernooi weens ander skole se onttrekking en gure weer gekanselleer word.

Baie dankie aan al ons ouers vir julle waardevolle ondersteuning gedurende die seisoen. Ons waardeer dit opreg!







# Krieket - Mnr. Dames

**KRIEKETSEISOEN: GROEI, TOEWYDING EN UITMUNTENDE PRESTASIE**

Die krieketseisoen het tot dusver vir ons spelers en afrigters ’n besonderse seisoen van groei, harde werk en sukses geword. Beide ons O/11- en O/13-spanne het gedurende die seisoen groot vordering getoon en bewys dat toewyding, spanwerk en ’n positiewe ingesteldheid goeie resultate oplewer.

**o/11-SPAN**

Ons o/11-span het ’n uitstekende liga-seisoen beleef.
Die span het 5 liga-wedstryde gespeel en al 5 wedstryde gewen – ’n indrukwekkende prestasie!
Die span eindig algeheel 3de op die punteleer en het daarmee hul plek in die uitspeelrondes verseker. Hierdie prestasie is ’n duidelike bewys van die spelers se harde werk, toewyding en verbetering deur die loop van die seisoen.

**o/13-SPAN**

Ons o/13-span het eweneens ’n baie suksesvolle liga-seisoen gehad.
Die span het 5 liga-wedstryde gespeel en 4 van hul 5 wedstryde gewen.
Met hierdie uitstekende vertoning eindig die o/13-span algeheel 4de en dring hulle ook deur na die uitspeelrondes. Die span het deur die seisoen merkwaardige groei getoon en as ’n eenheid sterker geword.

**GROEI EN HARDWERK**

Wat veral uitstaan, is nie net die uitslae nie, maar die groei van albei spanne. Die spelers het deurgaans hard gewerk tydens oefeninge en wedstryde, mekaar ondersteun en waardevolle ervaring opgedoen.
Krieket gaan immers oor meer as net wen en verloor. Dit leer ons leerders dissipline, spanwerk, verantwoordelikheid, deursettingsvermoë en respek.
Die ontwikkeling wat ons hierdie seisoen by beide die O/11- en O/13-spanne gesien het, is iets waarop ons met trots kan terugkyk.
Baie geluk aan al ons o/11- en o/13-spelers met hul uitstekende prestasies. Julle harde werk en toewyding het vrugte afgewerp. Ons is trots op die manier waarop julle gegroei het – nie net as krieketspelers nie, maar ook as spanmaats en jong sportmanne.





















# Fietsry
# Michelle Filter






Wat 'n voorreg was dit om ons ryers deur nóg 'n opwindende Mpumalanga Skoleliga-fietsryseisoen te sien groei!
Vyf resies, elkeen met sy eie uitdagings, en elke keer het ons ryers dapper opgedaag. Met elke resies kon 'n mens sien hoe hulle selfvertroue groei, hulle vaardighede verbeter en hulle al sterker op die fiets word.
Nie eens 'n val of 'n geskeurde ketting kon hulle keer nie – hulle het opgestaan, aangehou en sterker teruggekom. Dit was besonders om julle deursettingsvermoë en moed in aksie te sien.
Voor elke resies is die spanning hoog, maar om te sien hoe die glimlagte gedurende die resies net groter word, is iets besonders om te beleef!
Ons is baie trots op Lüneburg, wat die seisoen 12de uit 20 skole in Mpumalanga afgesluit het. 'n Pragtige prestasie!
Baie dankie aan al die ouers vir julle vervoer, ondersteuning en aanmoediging deur die seisoen.
Baie geluk aan elke ryer wat deelgeneem het. Ons is ongelooflik trots op julle!
Mag julle volgende seisoen nóg hoër mik, nóg harder trap en elke uitdaging met dieselfde moed, vasberadenheid en groot glimlag aanpak!









# Tennis ~ Ronelie Prigge



## u13/u15/u19 TOURNAMENT – NN

Am Wochenende vom 24. Juli 2026 haben Nina Böhmer und Imke Prigge an den u13 ‘Country Districts Tennis Tournament‘ in Newcastle teilgenommen.
Die Amajuba Mannschaft hat NKZN repräsentiert und die UGU Mannschaft, SKZN.
Nina und Imke haben an dem Freitag Doppelspiele gespielt. Obwohl sie nicht alles gewonnen haben, waren sie trotzdem mutig und positiv beim Spielen. Das Wetter hat zum Glück mitgespielt.
Am Samstag spielten sie die Einzelspiele. Trotz der Kälte, spielten sie gut.
Die „Mixed Doubles” am Sonntag liefen gut.
Die Mädchen haben viel gelernt, somit war es auf jeden Fall eine gute Möglichkeit um Erfahrungen für ihre zukünftigen Spiele zu sammeln.
Mit einer positiven Gesinnung macht alles viel mehr Spaß. Sie haben uns an der Schule Lüneburg stolz gemacht.
Die Amajuba Mannschaft (NKZN) Mannschaft hat 47 – 42 gegen die UGU Mannschaft (SKZN) gewonnen.







# Konzert ~ Fr. Gevers




**<u>Die Schrift an der Wand</u>**

Kaum hat das Quartal begonnen, stand auch schon die Konzertwoche vor der Tür. Die Aufführung des Musicals „Die Schrift an der Wand“ war ein wirklicher Höhepunkt des Jahres. Am Mittwochabend fand die Generalprobe statt, am nächsten Morgen die Aufführung für die Senioren und am Freitagabend, dem 21. August, war dann der Galaabend.

Das Musical begann mit einer Gruppe gelangweilter Teenager, die zunächst nicht besonders von der kuriosen Vergangenheitsfilmabrollmaschine begeistert waren, die ihnen eine Bibel mitgebracht hatte. Doch der „Film“, den sie „abspielte“, fesselte sie schließlich sehr. Sie konnten sich immer mehr in die Geschichte, die Charaktere und deren Gefühle hineinversetzen.

Im Wechsel zwischen den Gesprächen der Teenager vor der Gardine und der Aufführung der Geschichte Daniels, nach Daniel Kapitel 5 und 6, wurde den Schülern und Zuschauern aufs Neue deutlich, wie relevant die biblischen Geschichten auch heute noch für unser Leben sind. Sie zeigen uns, dass Gott auch heute unsere Gebete hört und treu zu den Seinen steht.

Gott lässt uns nicht im Stich!



















# Berufungstag Klasse 1 Fr. Hinze




Im dritten Quartal beschäftigte sich die erste Klasse mit dem Thema „Berufe in unserer Umgebung“. Die Kinder erhielten die Möglichkeit, sich zu verkleiden und einen Beruf zu präsentieren, den sie später gern ausüben möchten. Die Vielfalt der gewählten Rollen zeigte großes Interesse und Neugier an unterschiedlichen Arbeitsbereichen.

Besonders beliebt war der Bereich Landwirtschaft: Insgesamt fünf Kinder entschieden sich für den Beruf des Landwirts, darunter sogar ein Krokodilzüchter, der für viel Begeisterung sorgte. Auch der Baumeister, der stolz seine Freude am Häuserbauen zeigte, war ein Highlight.

Im Gesundheitswesen waren mehrere Kinder vertreten: Eine Tierärztin, zwei Ärzte sowie ein Zahnarzt stellten ihre Berufe vor und erklärten, wie sie später Menschen oder Tiere helfen möchten.

Die Aktivität bot den Kindern eine spielerische Möglichkeit, verschiedene Berufsfelder kennenzulernen, eigene Interessen auszudrücken und ihre Vorstellungen über zukünftige Tätigkeiten zu teilen.






# Beroepskeusedag
# Graad 3
# Mev. De Vaal








Wat 'n wonderlike dag vol groot drome en blink toekomsplanne!
Ons Graad 3-leerders het opgewonde by die skool aangekom, geklee in die rolle en beroepe waarvan hulle droom om eendag deel te wees.
Dit was heerlik om te sien hoe elkeen met soveel trots en entoesiasme oor hul droomberoep vertel het.
Ons het toekomstige boere en boerinne gehad wat eendag voedsel en gewasse gaan verbou om aan mense te voorsien. Daar was ook 'n toekomstige onderwyseres. Die dokters, asook 'n renjaer beplan 'n blink toekoms! Ons toekomstige Kardioloog droom daarvan om eendag mense se harte te help en 'n verskil in hul lewens te maak.
Elke leerder het gewys dat groot drome reeds op 'n jong ouderdom begin. Dit was 'n spesiale dag vol pret, verbeelding, opgewondenheid en hope inspirasie.
Liewe Graad 3's, droom groot, glo in julleself en werk hard om julle drome te verwesenlik! Die toekoms wag vir julle!
Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle!








# Literatuurdag
# Mev. De Vaal






Wat 'n spontane dag vol kreatiwiteit, lekker lag en groot glimlagte!!

Met verskillende idiome en geliefde boekkarakters het ons dag behoorlik lewe gekry. Van "Liar, Liar, Pants on Fire" tot "The Lion King" – elke kind het met soveel entoesiasme deelgeneem.

Elke unieke uitrusting waarmee die kinders by die skool opgedaag het, het bygedra tot die pret en spesiale atmosfeer van die dag.

Dit was beslis 'n dag vol pret, verbeelding, kreatiwiteit en baie glimlaggies– 'n Literatuurdag om te onthou!













'n Bok vir
Sport








der 7. September 2026
10+3=
10+4=
10+6=
10+1=
10+5=
10+8=
10+2=
1+1=
2+2=
3+3=
4+4=
5+5=
6+6=
7+7=
8+8=
9+9=









# Basaar-Mev. Nigrini

## Ons Skoolbasaar

Ons skoolbasaar met die tema “Oesfees” was ’n besondere dag van dankbaarheid, saamhorigheid en oorvloed. Soos ’n boer wat ná ’n seisoen se harde werk sy oes insamel en met dankbaarheid terugkyk op alles wat hy ontvang het, kon ons ook die vrugte pluk van die ongelooflike ondersteuning en insette van ons skoolgemeenskap.

Elke persoon wat gehelp het, elke hand wat gewerk het, elke idee wat gedeel is en elke donasie, groot of klein, het bygedra tot die sukses van ons basaar. Dit is juis die samewerking en ondersteuning van ons ouers, leerders, personeel en gemeenskap wat van hierdie dag iets besonders gemaak het.

Ons skool is spesiaal. Dit is ’n plek waar mense saamstaan, waar daar omgegee word en waar elkeen bereid is om ’n hand by te sit. Sonder elke persoon se insette en ondersteuning sou ons nie die sukses kon behaal het wat ons behaal het nie.

Ons sê opreg DANKIE aan elke persoon wat op enige manier bygedra het. Dankie vir julle tyd, harde werk, entoesiasme, ondersteuning en vrygewigheid. Julle het gehelp om ’n dag vol vreugde, gemeenskap en oorvloedige dankbaarheid moontlik te maak.

Ons kan met trots sê dat ons basaar nie net ’n sukses was nie, maar ’n ware viering van wat moontlik is wanneer ’n skoolgemeenskap saamstaan.

Dit is ’n voorreg om deel van so ’n besondere skoolgemeenskap te wees.

Baie dankie aan elkeen – julle maak ons skool spesiaal!









# Tag der offenen Tür

Fr. Hinze

Was macht Lüneburg besonders? Diese Frage stand im Mittelpunkt von dem Tag der offenen Tür, der am Nachmittag des 30. Juli stattfand. Die Veranstaltung bot den zukünftigen Schülerinnen und Schülern sowie ihren Eltern eine wertvolle Gelegenheit, die Schule, den Unterrichtsalltag und die Lehrkräfte näher kennenzulernen.

Für eine einladende Atmosphäre sorgten die Ncaga-Musikanten, die den Nachmittag musikalisch begleiteten. Frau Niebuhr und Herr Hinze vom Schulbeirat hießen die Gäste herzlich willkommen. In der Vorschule und in der 1. Klasse erhielten die Eltern umfassende Informationen zum Schulalltag für 2027. Eine geführte Schultour ermöglichte den Familien einen Einblick in verschiedene Lernbereiche der Schule. Dazu gehörten die Bibliothek, das Young-Engineers-Programm, der Computerraum sowie die Musik- und Deutschklassenzimmer.

Die Kinder wurden spielerisch beschäftigt und hatten viel Freude daran, unterschiedliche Sportarten auszuprobieren und die Bewegungsangebote der Schule kennenzulernen.

Der Tag der offenen Tür war insgesamt sehr gut besucht und wurde von der gesamten Schulgemeinschaft mit viel Eifer unterstützt. Ein herzlicher Dank gilt allen, die dazu beigetragen haben, diesen Tag zu einem gelungenen und einladenden Erlebnis zu machen.





# PUPPETS, STORIES AND IMPORTANT LESSONS!



On 23 September, our school was delighted to welcome Carol Preston, an Arts and Environmental Educational Facilitator, who brought a very special and meaningful experience to our learners.
Carol uses the arts as a creative way of raising environmental awareness among primary school children, and through her work, she has discovered that puppetry is one of the most powerful and engaging forms of expression.
After all, children simply love puppets!

Through her fascinating puppet show, “Stuppet Stories”, Carol captivated our learners with a collection of stories performed using charming small rod puppets.
Each story carried an important message and encouraged our learners to think about issues that affect them, their friends and the world around them.
The stories explored meaningful themes such as bullying, caring for one another, kindness, responsibility and looking after our environment.
Through the magic of puppetry, these important lessons became fun, relatable and memorable.
One of the wonderful aspects of Carol’s work is that puppets also give children an opportunity to express themselves, manipulate characters and create their own stories.
In doing so, children can communicate their experiences, feelings and understanding of the world around them.

Our learners thoroughly enjoyed the entertaining stories while learning some very valuable life lessons along the way.
It was wonderful to see their excitement, curiosity and enthusiastic participation.
A heartfelt thank you to Carol Preston for visiting our school and making our day so special!
Your creativity, passion and love for children and the environment certainly left a lasting impression on our learners.
We look forward to many more opportunities to learn through the magic of storytelling and puppetry!





# Die Studentin ~ Lydia Köhne

Hallo, ich heiße Lydia Köhne und komme aus Hermannsburg. Ich bin in meinem letzten Studienjahr als Grundschullehrerin in Pretoria und habe Lüneburg für mein letztes Praktikum ausgesucht.



Die vergangenen Wochen in Lüneburg waren für mich eine ganz bereichernde Erfahrung. Ich habe mich von Anfang an herzlich willkommen und als Teil von dem Kollegium gefühlt. Während meines Praktikums durfte ich Vieles erleben und habe auch neue Einblicke in den Schulalltag bekommen. Besonders dankbar bin ich den Lehrern für ihre Ratschläge und Bereitschaft, ihre Erfahrung mit mir zu teilen. Auch die Schüler haben mir auf ihrer eigenen Weise geholfen mich beruflich weiterzuentwickeln und einfach mehr Sicherheit als zukünftige Lehrerin zu gewinnen. Trotz meines Pechs auf den nassen Wegen, habe ich gute Erinnerungen an meine Zeit in Lüneburg. Ich bin sehr dankbar, dass ich Teil der Schulgemeinschaft sein durfte und während dieser Zeit so viel Vertrauen und Unterstützung erfahren durfte. Ein herzliches Dankeschön an alle, die dazu beigetragen haben meine Praktikumzeit so besonders und unvergesslich zu machen!

# Two brave boys- Phillip & Lukas

Our school is incredibly proud of two courageous boys who face Duchenne muscular dystrophy with strength, determination and bravery every day. Their journey may be different from that of their classmates, but they continue to show us what true courage looks like. They remind us that strength is not only about what our bodies can do, but also about the strength we carry in our hearts. Every smile, every achievement and every challenge they overcome is an inspiration to those around them. As a school family, we stand beside them, support them, encourage them and celebrate every step of their journey. You are never alone—you are surrounded by people who believe in you, care about you and are cheering you on every step of the way. Keep being brave, keep believing, and always remember how special and strong you are!









# Die Studentin ~ Levke Marie Tietjen

Im Rahmen meines Studiums durfte ich meinen verpflichtenden Auslandsaufenthalt in Südafrika verbringen und während des dritten Quartals mein Praktikum an dieser Schule absolvieren. Da ein Teil meiner Familie vor vielen Jahren nach Südafrika ausgewandert ist, hatte ich gleichzeitig die besondere Möglichkeit, meine Verwandten und das Land besser kennenzulernen.

Ich bin sehr dankbar für die herzliche Aufnahme und besonders dafür, dass ich im Schülerheim wohnen und dort verpflegt werden durfte. Dadurch konnte ich den Schulalltag und die südafrikanische Kultur auf eine ganz besondere Weise erleben.

Die Schule ist für mich in dieser Zeit zu einer zweiten Heimat in Südafrika geworden. Ich nehme viele schöne Erinnerungen und wertvolle Erfahrungen mit zurück nach Deutschland und möchte mich bei allen bedanken, die meine Zeit hier so besonders gemacht haben!

Vielen Dank für diese schöne Zeit!

Levke Marie Tietjen





LÜNEBURG
TRAIL RUN
DISCOVER
LÜNEBURG
10 OCTOBER 2026
Peter-Pauls Gemeinde Lüneburg
Lutheran Congregation
ENTER HERE
Choose your DISTANCE
65 KM ULTRA
23 KM CHALLENGE
±980m
10 KM ADVENTURE
Fun for the whole family
± 280m
5 KM FUN RUN
FOLLOW US